


Ds. J. V. Coetzee

Ons Psalm- Hoe die Musiek deur Ds. J.



baie hard en selfs onverkwiklik was. Toe die deputate van die Geref. Kerk ná 1930 vir die eerste keer saam met die kommissies van die ander Kerke vergader het, is bevind dat daar 'n sterk neiging bestaan het om die wysies van die Nederlandse Psalmboek soveel moontlik te vervang deur ander melodieë, met behoud van slegs die bekendstes. Heelwat van die voorgestelde nuwe melodieë was in onmiskenbare Sankeystyl. Deputate van die Geref. Kerk het hulle verset teen die neiging om die ou erfgoed van die Nederlandse Psalmboek oorboord te gooi. Hulle het uitgegaan van die standpunt dat soveel moontlik van die ou goed behou moes word en was van oordeel dat baie van die sogenaamde onsingbare melodieë singbaar word wanneer hulle ritmies gesing word. Dit is aan hierdie behoudendheid te danke dat ou melodieë vir dieselfde psalms naas nuwes opgeneem is, nadat die neiging eers was om sodanige melodieë heeltemal weg te laat. As voorbeelde hiervan geld die oorspronklike melodieë van psalms 5, 6, 33, 34, 51, 130, 131. Na veel stryd en moeite is daarin geslaag om hierdie melodieë te behou as alternatiewe naas die nuwes. En ek is oortuig daarvan dat die Afrikaanse Psalmboek daardeur ryker geword het. Weglating van hierdie melodieë, soos oorspronklik die plan was, sou beslis verarming beteken het. In die Geref. Kerk van Potchefstroom word die meeste van hierdie ou melodieë meestal gesing by die bogenoemde psalms, en ons het bevind dat hulle oor die algemeen baie hoër staan in musikale waarde as die nuwes wat by dieselfde psalms verskyn. Daar is nog heelwat van die ou melodieë wat op hierdie manier behou kon geword het, maar wat ongelukkig weggeval het. Ek dink hier aan die ou melodieë van pss. 4, 16, 26, 31, 44, 61, 63 (met klein wysiging), 90, 102 (met wysiging van een noot) en 146. Van die kant van die deputate van die Geref. Kerk is dan ook keer op keer voorgestel om hierdie oorspronklike melodieë naas die nuwes te behou, maar dit is afgestem op grond van die oorgewig dat daar dan te veel dubbele melodieë in die Psalmboek sou kom. Mag ons die hoop koester dat sommige altans van hierdie weggelate melodieë uiteindelik weer hul weg terug sal vind na ons Psalmboek wanneer die wenk in verband met hersiening van die musiek vir latere uitgawes aanvaar word? Dit sal tot verryking strek van ons Afrikaanse kerkmusiek.

Dit is miskien nou die geleentheid om een en ander mee te deel van wat daar gebeur het in verband met enkele van hierdie weggelate oorspronklike melodieë. Ek was belas met die taak om die Psalmboek vir die uitgawe van die Geref. Kerk persklaar te maak en aan die drukkers te besorg, nadat die gesamentlike Musiekkommissie van die drie Kerke die melodieë vasgestel het. Verder is ooreengekom dat prof. P. K. de Villiers die finale musiekproewe sou lees voordat die Psalmboek afgedruk word. Toe ek die musiek vir die Psalmboek moes uitskrif, het ek

NA aanleiding van die artikel van dr. G. G. Cillie jr. oor die „Musiek van die Afrikaanse Gesangboek” in *Die Huisgenoot* van 9 Februarie j.l. wil ek graag aan die lesers van ons tydskrif die een en ander meedeel wat wetenskaplik is in verband met die vasstelling van die musiek van die Afrikaanse Psalmboek. Ek doen dit met die bedoeling om misverstande uit die weg te ruim. Miskien kan daar by 'n volgende uitgawe van die boek voordeel getrek word uit wat nou meegedeel gaan word. Ek bepaal my tot mededelings oor die musiek van die Psalmboek alléén, omdat ek sedert 1930 'n aandeel gehad het in hierdie deel van die werk, as sekretaris van die kommissie van die Geref. Kerk baie korrespondensie en onderhandelings hieroor gevoer het en lid was van die gesamentlike Musiekkommissie van die drie kerke, vir sover dit die musiek van die Afrikaanse Psalmboek betref.

Die feit dat heelwat psalms in die Afrikaanse Psalmboek 'n ander versmaat gekry het as in die Nederlandse, het meegebring dat daar vir hierdie psalms ander melodieë gevind moes word. Hieronder is by. psalms 2, 78, 88, 119 en nog heelwat ander. Die Musiekkommissie was aangewys op bestaande melodieë in ander bundels en op nuwe komposisies om vir sulke psalms musiek te vind. Dat daar tussen die melodieë wat vir sulke psalms gekies is, sommige is wat minder geslaag is, moet erken word. Die Musiekkommissie het dan ook in die voorwoord by die Afrikaanse Psalmboek geskrywe: „Die kommissie het te staan gekom voor die moeilikheid om melodieë te vind wat ooreenstem met die eien-dommelige karakter van die kerkgesang van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Nederlandse oorsprong en is horn bewus daarvan dat hy nie altyd daarin geslaag het om hierdie ideaal te bereik nie.”

Is dit egter uitgesluit dat daar in die toekoms by volgende uitgawes van die Psalm- en Gesangboek nog verbeterings aangebring kan word? Dit sou jammer wees as dit nie gebeur nie en as ons sou uitgaan van die standpunt dat daar nou finaliteit bereik is in verband met die melodieë van die Afrikaanse Psalms en Gesange.

Vergelyking van die verskillende uitgawes van die Geneefse psalmboek vanaf 1538 tot 1564 toon dat daar vroeër wel gehandel is soos hier aan die hand gegee word. Melodieë wat in die eerste uitgawes voorgekom het, is later deur ander vervang, totdat die boek sy finale vorm bereik het. Die drie Kerke deur wie se samewerking die boek ontstaan het, kan gerus vroegtydig aandag aan hierdie kant van die saak gee deur die benoeming van persone om by 'n eventuele latere uitgaaf die musiek te hersien. Nou dat die boek in gebruik geneem is, is dit tyd om ernstig kennis te neem van kritiek wat van bevoegde kant uitgeoefen word, sodat hieruit voordeel getrek kan word by eventuele latere uitgawes. Dit spreek vanself dat dit nodig sal wees dat die drie Kerke deur wie se samewerking die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek tot stand gekom het, weer moet saamwerk by eventuele hersiening van die musiek.

Daar bestaan seker wel goeie rede om nie in alle opsigte tevrede te wees met die musiek van ons kerkboek soos ons dit nou voor ons het nie, en ek meen dat die tyd nou gekom het vir bevoegde kritiek om die tekortkominge meer in besonderhede aan te wys. Sal drs. G. G. Cillie en C. G. S. de Villiers nie wil onderneem om hieromtrent 'n memorandum op te stel waarin die hele saak beredeneer word en waardeur deputate van die verskillende Kerke hulle in die toekoms kan laat lei nie?

In die Afrikaanse Psalmboek is daar 70 van die ou melodieë van die Nederlandse Psalmboek, afkomstig uit die Geneefse, behou. Hiervan is twee, nl. dié van ps. 10 en dié van ps. 79, verkorte bewerkinge van die ou melodieë, aangepas by die veranderde versmaat van die genoemde twee Afrikaanse psalms. Van die ander melodieë wat uit die Nederlandse Psalmboek behou is, word sommige by meer as een psalm gebruik, sodat ongeveer 85 van die Afrikaanse psalms gesing word of gesing kan word op die melodieë wat ons via die Nederlandse Psalmboek geërf het. By hierdie aantal is ingesluit psalms waar die ou melodieë as 'n tweede keuse behou is naas 'n nuwe.

Dat hierdie getal nog behou is, is die vrug van 'n stryd wat soms

en Gesangboek

Daarvan Gekies is

V. COETZEE

die vryheid geneem om by twee psalms, nl. pss. 4 en 16, die oorspronklike melodieë te skryf as alternatiewe naas die twee nuwes wat deur die Musiekkommissie vasgestel was. Die Musiekkommissie het volgens sy notule met meerderheid van stemme besluit dat vir ps. 4 alleen die wysie van P. K. de Villiers sou verskyn en vir ps. 16 alleen dié van A. C. van Velden. Die rede waarom ek, nieteenstaande die besluit van die Musiekkommissie, die ou wysies in hierdie twee gevalle naas die nuwes geskryf het, was dat ek maar nie met die wysie van P. K. de Villiers vir ps. 4 genoeë kon neem nie. Bowendien word die melodie herhaal vir die hele stoffe. Laat 'n mens twee strofes van ps. 4 sing, dan word dit 'n taamlik eentonige herhaling van telkens dieselfde vyf musiekreëls. En al was die ou melodie van ps. 4 nou nie juis skitterend nie, het dit tog na my oordeel baie hoër gestaan as die vyf musiekreëls van P. K. de Villiers. Ook was ek van oordeel dat die wysie van A. C. van Velden vir ps. 16 nie juis uitmunt nie. Dr. Cillié sê nou daarvan dat dit „ongeïnspireerd klink”. Die ou melodie wat deur die Musiekkommissie verwerp is, het vir my mooier en meer besiel geklink. Verder het ek gemeen dat dit waarlik geen saak sou maak as daar twee meer dubbele melodieë in die Psalmboek sou verskyn nie. Die drukkers het geen beswaar gemaak nie en hierdie twee melodieë geset, nadat ek eers die toestemming van die destydse sekretaris van die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, ds. A. G. du Toit, daarvoor verkry het. Toe die finale musiekproewe egter aan prof. De Villiers voorgelê is, het hy so geweldig teen my optrede geprotesteer dat ek die twee melodieë toe maar weggelaat het.

Net so hard het hy geprotesteer teen die volgorde waarin ek in my musiekkopie vir die drukkers die verskillende dubbele melodieë geplaas het. Toe ek die kopie geskryf het, het ek die reël gevolg om in alle gevalle waar die ou melodie vir 'n psalm behou en 'n nuwe daarnaas gekies is, die oue eerste te plaas en die nuwe daarna. Dit was die reël wat ook deur S. de Lange gevolg is toe hy 'n uitgawe van die Psalmboek op versoek van die N.G. Kerk besorg het. Toe prof. De Villiers in die finale drukproewe egter sien dat sy eie wysies tweede geplaas is en die ou melodieë eerste, het hy beswaar gemaak by die sekretaris van die Bybelgenootskap, wat volgens ooreenkoms as uitgewers opgetree het. Geen verduideliking van my kant kon hom bevredig nie, en hy het die saak van die volgorde waarin die melodieë gedruk moes word gedryf tot in die vergadering van die Gesamentlike Musiekkommissie van die saamwerkende Kerke, wat op 29 September 1936 in Kaapstad gehou is. Hier het die Kommissie my in die ongelyk gestel en opdrag gegee dat die nuwe melodieë in die Psalmboek eerste moet verskyn en die ou melodieë tweede, in alle gevalle waar die ou melodie naas 'n nuwe behou is. En so het dit gekom dat die oppervlakkige en kleurlose melodie van P. K. de Villiers by ps. 51 eerste staan en

die ou melodie van Bourgeois tweede. Dieselfde geld van ps. 130. Hierdie twee „eerste keuses” kan in 'n volgende uitgawe van die Psalmboek weggelaat word sonder dat die boek daardeur enigszins armer sal word. In al die jare waarin die Geref. Kerk van Potchefstroom reeds die Afrikaanse Psalmboek gebruik, is hierdie twee melodieë van De Villiers nog nooit gesing nie.

Wat die melodie van die „Onse Vader” betref, het daar by die uitgawe van die Psalm- en Gesangboek 'n fout ingesluip. Die ou melodie is deur die Musiekkommissie daarvoor gekies, terwyl verder besluit is om ook die wysie van „Eternal Father” as alternatief daarby te publiseer. Só staan dit in die kopie van die notule van die Musiekkommissie. Toe ek die musiekkopie van die Psalmboek vir die uitgawe van die Geref. Kerk geskryf het, het ek alleen die ou melodie aan die drukkers gestuur, en dié is dan ook gepubliseer in die boeke van die Geref. Kerk, terwyl die wysie van „Eternal Father” weggelaat is. Deputate van die Geref. Kerk was nie ingenome met laasgenoemde nie en het gemeen dat dit sonder skade kon wegbly uit die boeke wat vir die Geref. Kerk gedruk is. Die paar liedere in die bundeltjie „Enige Gesange” sou tog nie in daardie volgorde verskyn in die Psalm- en Gesangboek van die ander twee Kerke nie, maar tussen die Gesange versprei word. En omdat daar, anders as in die geval van die 150 psalms, tog nie van die setwerk van die bundeltjie „Enige Gesange” gebruik gemaak sou word vir die Psalm- en Gesangboek nie, het ek die vryheid geneem om in hierdie geval af te wyk van die besluit van die Musiekkommissie en die wysie van „Eternal Father” weg te laat. Dat die ou melodie van die „Onse Vader” weggelaat is uit die Psalm- en Gesangboek, is in stryd met die besluit van die Musiekkommissie.

Wat betref die verwysing na die wysie van ps. 140, waarvan dr. Cillié in sy artikel melding maak, is dit heeltemal korrek dat hierdie verwysing by 'n volgende uitgawe van die Psalm- en Gesangboek weggelaat moet word, omdat dit bepaald misleidend is. Soos opgemerk sal word, is die wysie van ps. 140 soos dit in die Afrikaanse Psalmboek verskyn, 'n variant op die wysie soos dit by die beryming van die Tien Gebooie gepubliseer is. Die versmaat van ps. 140 verskil enigszins van dié van die beryming van die Tien Gebooie. Die variante lesing van die melodie soos nou by ps. 140 gepubliseer, is gevind in 'n Skotse psalmboek. In die genoemde boek word daarna verwys as „Geneven Psalter, no. 6 (Commandments).” Ongelukkig is hierdie verwysing toe net so oorgeneem in die notule van die Musiekkommissie. Dit was eintlik meer bedoel as 'n aantekening om die persone wat belas sou word met die redaksie van die musiek vir die Psalmboek te sê waar die variante lesing gevind kon word, en nie om aan te gee dat hierdie melodie oorgeneem is uit 'n sangbundel van 'n ander kerk nie.

(Vervolg op bladsy 31.)

ONS PSALM- EN GESANGBOEK

(Vervolg van bladsy 15.)

Die Musiekkommissie het destyds nog twee ander belangrike besluite geneem wat egter nie uitgevoer is by die uitgawe van die Afrikaanse Psalmboek nie. Die eerste het gegaan oor die publikasie van die name van die komponiste by die verskillende nuwe of oorgeneome melodieë, en die tweede oor die ritmiserings van die melodieë.

Toe ek gedurende die tweede helfte van 1936 die finale drukproewe van die musiek van prof. De Villiers terug ontvang het, het ek gevind dat hy oral die name van die komponiste bokant die nuwe en oorgeneome wysies bygeskryf het. Alleen bokant die ou melodieë wat behou is, het die name van komponiste ontbreek. Ek het dit alles weer deurgehaal, omdat ek van oordeel was dat dit nie juis stigtelik is om in ons kerkboek telkens teen die naam van die een of ander komponis vas te kyk nie. Dit is genoegsaam as daar voor- of agterin die boek 'n lysie verskyn van die verskillende melodieë met die name van die komponiste. Bowendien, so het ek geredeneer, waarom moet alleen die werk van hedendaagse komponiste erken word deur telkens hul name bokant hul komposisies te plaas en nie ook die manne van die 16e eeu nie, Franc en Greiter en Goudimel en Bourgeois, wat verantwoordelik was vir die kosbare ou goud van ons kerkmelodieë? Oor die saak self was daar destyds geen besluit van die Musiekkommissie nie. Sowel prof. De Villiers as ek het toe maar volgens eie oordeel gehandel. Op die

vergadering van die Musiekkommissie wat op 29 September 1936 in Kaapstad plaasgevind het, is die saak egter ter sprake gebring, en daar is met meerderheid van stemme besluit om die name van die komponiste by die nuwe wysies te publiseer. By hierdie besluit wou die deputate van die Geref. Kerk hulle nie neerlê nie. Daar is toe verdere korrespondensie gevoer, en in November van daardie jaar het die lede van die Musiekkommissie op 'n rondskrywe van deputate van die Geref. Kerk toestemming gegee dat die name van komponiste nie bokant die nuwe melodieë gepubliseer sal word nie, maar dat hul werk op 'n afsonderlike lysie êrens in die Psalmboek erken sal word.

Gedurende 1935 is daar deur die Musiekkommissie besluit om die ou melodieë wat behou is koralies te publiseer en alleen sekere nuwe wysies wat deur die komponiste self geritmiseer is, te plaas soos die komponiste dit gelewer het. Die deputate van die Geref. Kerk het van die begin van die samewerking af aangedring op 'n ritmiese uitgawe van die Psalmboek en voortdurend te kenne gegee dat 'n koraliese uitgawe vir die Geref. Kerk nie aanneemlik sou wees nie. Hul voorstel kon egter nie genade vind in die oë van die Musiekkommissie nie, en in 1935 is finaal besluit dat al die ou melodieë koralies moes verskyn. Deputate van die Geref. Kerk kon hulself nie by hierdie besluit neerlê nie en het bly aandring op 'n ritmiese uitgawe. Uiteindelik is 'n soort

kompromis bereik, nl. dat die ou melodieë ritmies sou verskyn in die gewone Psalmboeke, terwyl die redakteurs van die eventuele koraalboek die melodieë koralies sal bewerk. Gemeentes wat koralies wil sing, kan dan maar die ritme van die ou melodieë ignoreer. Gevolg van hierdie toedrag van sake was dat die deputate van die Geref. Kerk maar moes planne maak om die ou melodieë te laat ritmiseer. Die gesamentlike Musiekkommissie van die drie Kerke wou hiermee geen hulp verleen nie. Die twee musici in die Musiekkommissie het ook geen hulp gegee nie. Die deputate van die Geref. Kerke het toe hierdie werk aan my opgedra. Self is ek nie 'n musikus nie, en ek moes maar roei met die rieme wat ek gehad het. Ek het verskillende ritmiese uitgawes geraadpleeg, o.a. dié van S. de Lange, dr. De Moor, prof. Janasch en 'n Duitse -bundel *Hugenottenlieder*, en aan die hand van hierdie uitgawes toe aan die werk gegaan. Ek weet dat daar baie tekortkomings in my werk is. Dr. Cillié is heeltal geregverdig om te sê dat „die ritme van die ou Psalms in die Gesangboek nie in alle gevalle deur 'n kenner versorg is nie.” Dis volkome waar. Die „kenners” wou nie fungeer nie, en die brekebeen moes maar die beste van die saak maak. Dit was soos toe die dominee êrens op huisbezoek gegaan het. Die huisbaas het hom versoek om aan tafel die gebed te doen. Die dominee het geweier en gesê dat die huisbaas self moes voorgaan. Laasgenoemde het toe gestamel: „Here, die dominee wil nie bid nie; ek kan nie bid nie. Amen.”